HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

ONDERSTEUNERSKLUB SUPPORTERS CLUB

Die Ondersteunersklub van Hoërskool Bredasdorp is 'n groep volwassenes wat as vriende van die skool beskou word en bestaan uit oud-leerders, ouers, onderwysers, oud-onderwysers asook enigeen wat die skool goedgesind is.

**Die doel van die Ondersteunersklub:**

- Om die skool te help met fondsinsamelings en by te staan met projekte waar die onderwysers en die Beheerliggaam nie noodwendig betrokke is nie.
- Om die skool positief te bemark
- Om die beeld van die skool te bevorder
- Om die gees van lojaliteit te bevorder
- Om die algemene welstand van die skool te bevorder

Die Ondersteunersklub streef daarna om ouers en leerders positief te beïnvloed en die opvoedkundige, kulturele, sport en sosiale lewe van die skool te ondersteun.

**Lidmaatskap voordele:**

- Gratis toegang na alle tuissport geleenthede
- Ontvang alle nuusbriewe en inligting aangaande skoolfunksies en/of -byeenkomste
- Kry voorkeur met besprekings en kaartjieverkope vir skoolfunkies en geleenthede.
- Afslag op HSB Ondersteuner items
- Word deel van die klub se whatsapp groep en kry alle nuus, sporttellings en fotos.
- Gratis koffie op tuissport dae
- Samesyn na afloop van die wedstryde

Hierdie klub is van baie waarde vir ons skool en elke lid maak 'n positiewe bydrae tot beter onderrig, meer geleenthede en fasiliteite vir ons kinders.

As jy entoesiasties is oor Hoërskool Bredasdorp en bereid is om van jou tyd en energie vir die skool te gee, wys jou trots en sluit aan.

*~Together we are stronger~*